# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 7 MEI 2023

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Visser (3)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Breytenbach(9)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Aanddiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Visser

## PINKSTER 2023

- **Hemelvaart | 18 Mei**

Hemelvaartdiens om 19:00 in die kerk en aanlyn. Die kerkkantoor is gesluit op Hemelvaartdag.

- **Pinkster | 21 tot 28 Mei**

21 Mei | Pinksterreeks begin om 09:00 in die kerk | Dr. Hanekom

22 tot 25 Mei | Aandpinkster om 19:00 in die kerk | Ds. Breytenbach

- **Oggendpinkster | 22 tot 26 Mei**

Oggendpinkster om 10:00 in die kerk | Mike van Deventer

- **Kinderpinkster**

22 tot 25 Mei om 19:00 in die grootsaal | Talente en geestelike gawes.

- **Sop na die Aandpinksterdienste**

Indien jy met die maak van sop behulpsaam kan wees tydens Pinkster, kontak asb. vir Christine by 082 353 9917, sien beriggie op bl. 3 asb.

## DOOP VANDAG

Christopher en Mariska Coetzee laat doop vir Neethling Johannes Coetzee.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFER

**Arbeidsbediening (Sinodaal)**

Die bediening neem die Woord na mense in hulle werksplekke in verskeie handelsektore.

## KOSMANDJIEPROJEK

Voedselnood in ons eie gemeenskap en omliggende gebiede, asook in die res van die land, word al groter. Ons wil graag die kosprojek tydens die Pinksterweek 'n hupstoot gee. Plaas asseblief tydens Pinkster nie-bederfbare kosprodukte in die kosmandjies in die voorportaal van die kerk. Finansiële bydraes kan gemaak word aan: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

## MANNEKAMP

Jy word hartlik uitgenooi na ons mannekamp, aangebied vanaf 21 tot 23 Julie by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum in Wellington. Kontak asseblief vir ds. Johan Visser by johan@stellenberg.co.za of 072 603 3205 indien jy wil saamgaan.

## SOPKOKERS DRINGEND BENODIG

Ons het dringend sopkokers nodig wat bereid is om weekliks of een keer elke twee weke sop tuis te kook en dit dan in bevrore formaat by die markplein af te gee. Ons voorraadvlakke by al die sopkombuise wat deur die gemeente ondersteun word, is kommerwekkend laag. Kontak asseblief vir Anene Nortier by 083 581 6930 indien jy kan help sodat sy die resep vir jou kan stuur.

## UITREIKE: SKRYF NOU IN

Ons nooi almal wat graag aan vanjaar se uitreike tydens die Junie/Julie-skoolvakansie na Leeu-Gamka, Beaufort-Wes en Calitzdorp wil deelneem, om die aanlyn inskrywingsvorm via www.stellenberg.co.za te voltooi. Die sperdatum vir inskrywings is Sondag 4 Junie. Navrae rakende uitreike kan aan sunet@stellenberg.co.za gerig word.

## SKATTEMARK | 3 JUNIE 10:00 TOT 14:00

Saterdag 3 Junie 10:00 tot 14:00 in die saalkompleks. Kom verkoop gerus al jou bruikbare, gebruikte skatte by ons jaarlikse Skattemark. Klere, huisware, kamp- en sporttoerusting, dekoritems, ens. is alles welkom. Jy beman jou eie tafel. Uitstallers word ook uitgenooi om wegneemetes aan te bied. Bespreek jou tafel, www.stellenberg.co.za.

### KATEGESE

**ANNIBRAND JUNIOR**

Graad 1-3: Grootsaal

Graad 4-6: Kleinsaal

Graad 7: Jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Kleingroepe na afloop van die aanddiens om 18:00.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 8 Mei om 09:30 in die markplein byeen. Bring jou breiwerk saam.

### KERKKANTOOR SKAKELBORD

Neem asb. kennis dat die kantoor se skakelbord nie tydens beurtkrag werk nie. Stuur gerus 'n e-pos navrae@stellenberg.co.za of 'n WhatsApp na 081 045 2428.

## BYBELS VIR BEAUFORT-WES

Die uitreikspan wat vanaf 24 tot 29 Junie in Beaufort-Wes besoek gaan aflê, benodig bruikbare Bybels wat aan mense in die gemeenskap uitgedeel sal word, asook bordspeletjies en legkaarte vir die inwoners in die ouetehuis. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af.

## SANGERS BY DIE FAMILIEDIENS

Daar is 'n dringende tekort aan voorsangers by die familiediens. Indien jy enige sangervaring het en bereid is om saam te sing, kontak asb. vir Riëtte Breytenbach by 076 637 9671.

## SOP TYDENS PINKSTER

Ons kort nog dringend helpers wat bereid is om 'n pot sop te kook vir Sondagaand 21 Mei. Jy gee die sop warm by die markplein af en gaan haal jou pot weer na die sopbediening in die kombuis. Kontak asseblief vir Christine by 082 353 9917 indien jy kan help.

## ANNIBRAND-KLEREREEKS

'n Opwindende Annibrand-klerereeks wat musse, pette, warm baadjies en selfs 'n speelpakkie vir babas insluit, is nou te koop. Gaan kyk gerus op www.stellenberg.co.za na die opsies en plaas jou bestelling aanlyn voor 21 Mei. Die klere sal dan voor die eerste uitreik in die skoolvakansie afgelewer word.

## VATVYF-BYEENKOMSTE

By ons volgende byeenkoms op 17 Mei gaan die Nasionale Seereddingsinstituut ons meer vertel oor hulle werksaamhede. Ons ontmoet om 10:00 in die kafeteria. Bespreek asb. jou plek voor Maandag 15 Mei by Charlotte (021 976 4519). Toegang is gratis.

14 Junie - Besoek Spice Route vir 'n sjokolade-proesessie.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Guillaumé Barker (21/09/1965 - 08/04/2023). Guillaumé se gedenkdiens is op 6 Mei om 15:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met sy seun en dogter, asook beide sy ouers wat hy agterlaat.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skoolkwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied terapie, berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00), of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

### Op jou rekenaar:

Jy kan die bulletin en *Stellenberger* per e-pos ontvang. Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.

### Op jou selfoon:

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior**

**Annibrand Senior**

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

**7 Mei**

Geen Bybelstudie op Donderdag 11 Mei a.g.v. sinodesitting.

**14 Mei**

Spesiale Bybelstudie vir Hemelvaart om 15:00 in die braaikamer.

Handelinge 1: Jesus is nie weg nie . . .!

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.